**Hersieningsoefening (Hoofstuk 1)**

**Vraag 1**
Skryf die volgende sinne in die **teenwoordige tyd**:
1.1 Ek het elke dag die mooi meisie gegroet. (1)
1.2 Almal het opgewonde na die deur gehardloop. (1)
1.3 Hy sal jou groet. (1)
1.4 Hulle het almal baie groot geskrik. (1)
1.5 Sy gaan môre haar vriendin sien. (1)

**Vraag 2**
Herskryf die volgende sinne sodat dit **enkelvoudige sinne** is.
2.1. Abigail het heeldag gekerm en gekerm. . (1)
2.2 Winston het oor die tou geval en Tshepo het oor die tou geval. (1)

**Vraag 3**
Herskryf die volgende sinne sodat dit **stelsinne** is.
3.1 Sibongile, was nou die skottelgoed! (1)
3.2 Het sy gister haar onderwyser by die sportbyeenkoms gegroet? (1)
3.3 Sal jy my asseblief altyd help? (1)

**Vraag 4**
Gebruik die volgende teks om die onderstaande vrae te beantwoord:

Hy het elke dag gaan draf en die boemelaar op dieselfde parkbankie gesien. Hulle het mekaar begin groet. Na ŉ paar maande het hulle soos ou vriende begin voel.
Hy het soms vir die boemelaar warm klere of kos geneem. Dikwels sommer net gesit en gesels. Toe hy gister daar verbydraf, was die bankie leeg. Waar sou sy vriend wees? Toe hy om die draai by die uitgang kom, het hy die ambulans gesien…

4.1 Skryf die eerste sin oor in die **teenwoordige tyd**. (2)
4.2 Skryf ŉ voorbeeld van ŉ **enkelvoudige sin** uit die teks neer. (1)
4.3 Skryf ŉ sin uit die teks neer wat **nie** ŉ **stelsin** is **nie**. (1)
4.4 Herskryf die laaste sin van die teks sodat dit ŉ **enkelvoudige sin** is. (1)
(15)

Hierdie bladsy mag gekopieer word.

**Memorandum – Hersieningsoefening (Hoofstuk 1)**

**Vraag 1**
Skryf die volgende sinne in die **teenwoordige tyd**:
1.1 Ek het elke dag die mooi meisie gegroet. (1)
*Ek groet elke dag die mooi meisie.*
1.2 Almal het opgewonde na die deur gehardloop. (1)
*Almal hardloop opgewonde na die deur.*
1.3 Hy sal jou groet.
*Hy groet jou.* (1)
1.4 Hulle het almal baie groot geskrik.
*Hulle almal skrik baie groot.* (1)
1.5 Sy gaan môre haar vriendin sien. (1)
*Sy sien vandag haar vriendin.*

**Vraag 2**
Herskryf die volgende sinne sodat dit **enkelvoudige sinne** is.
2.1. Abigail het heeldag gekerm en gekerm. . (1)
*Abigail het heeldag gekerm.*
2.2 Winston het oor die tou geval en Tshepo het oor die tou geval. (1)
*Winston en Tshepo het oor die tou geval.*

**Vraag 3**
Herskryf die volgende sinne sodat dit **stelsinne** is.
3.1 Sibongile, was nou die skottelgoed! (1)
*Sibongile moet nou die skottelgoed was.*
3.2 Het sy gister haar onderwyser by die sportbyeenkoms gegroet? (1)
*Sy het gister haar onderwyser by die sportbyeenkoms gegroet.*
3.3 Sal jy my asseblief altyd help? (1)
*Jy sal my altyd help.*

**Vraag 4**
4.1 Skryf die eerste sin oor in die teenwoordige tyd. (2)
*Hy draf elke dag en sien die boemelaar op dieselfde parkbankie.*
4.2 Skryf ʼn voorbeeld van ʼn **enkelvoudige sin** uit die teks neer. (1)
*Hulle het mekaar begin groet./ Na ʼn paar maande het hulle soos ou vriende begin voel./ Hy het soms vir die boemelaar warm klere of kos geneem.*
4.3 Skryf ʼn sin uit die teks neer wat **nie** ʼn **stelsin** is **nie**. (1)
*Waar sou sy vriend wees?*
4.4 Herskryf die laaste sin van die teks sodat dit ʼn **enkelvoudige sin** is. (1)
*By die uitgang het hy die ambulans gesien.*